

Dinsdag 21 Mei

**Skrifgedeelte: Matteus 16:24-28
(1983-vertaling)**

Fokusgedeelte: Matteus 16:24

Selfverloëning, opneem van jou kruis, volg

Navorsing toon aan dat die sosiale media (Whatsapp, Twitter en Facebook) se gebruikers daaglik groei. Soms is daar wedywering onder mekaar oor wie die meeste *volgeling* het.

In Matteus 16:24 gee Christus ook opdrag dat ons Hom moet volg. Om agter Christus te wil aankom, vra dat jy jouself *verloën*, jou kruis *daaglik* opneem en Christus *volg*.

Dit is veel meer as 'n *moralistiese oproep* om navolgers van Christus te wees. Dit word 'n saak van *lewe en dood*. Dit stel *hoë eise*. Dit gaan oor *God se eer*.

Om Christus te volg, vra 'n radikale besluit wat jou lewe verander. Vergelyk dit met 'n swaar las wat jy op jou skouers dra. Dit is sinoniem met geweldige INSPANNING. Ons eerste reaksie is om hierdie swaarkry uit ons pad te kry.

In die gedeelte wat ons gelees het, is Jesus elke oomblik nader aan sy dood. Teen hierdie agtergrond kom Jesus se opdrag in vers 24. Maar eers nadat Jesus dit in perspektief stel: DIE SEUN VAN DIE MENS KOM MET DIESELFDE HEERLIKHEID AS SY VADER.

Die opdrag staan nie los van die Here se groter plan nie. Kruis dra het nie met my te make nie, maar met God se eer. Kruis dra gaan oor jou verhouding met die Here. Die betekenis van sy kruis verdwerg my kruis. Ek word minder en Hy meer.

Om kruis te dra, het 'n prys: Dit raak jou dade, woorde, gedagtes, optrede – dit is 'n LEEFWYSE. Dink daaraan – Jesus sterf in my plek. Sy kruis maak my 'n koning! Ter wille van God se eer het Christus my kom red. Hy het my kruis kom dra – ja, die straf en die vernedering en die dood – in my plek.

My kruis eindig by die KONING – Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 36:4

Ds. PJ van Blerk (Petrus) (Rietvallei)